

Meisies wat Grootgeword het om die Wêreld te Verander



Merritt Moore



Oprah Winfrey



Merritt Moore

Kwantum Fisikus en Ballerina




“Ek wil al die stereotypes verpletter. Die droom is om aan te hou om Fisika en dans te kombineer.”

Eens op 'n tyd was daar 'n
meisie wat lief was vir
wetenskap en ballet. Sy was
ewe talentvol in albei, maar
almal het gesê: “Jy sal
Wetenskap of kuns moet
kies? Fisika of ballet?



Merritt het baie keer
probeer om ballet op te
gee. Sy het selfs haar
pointe koene verbrand!
Maar sy het altyd weer
begin dans.






Uiteindelik het sy by die
Zurich Ballet
Maatskappy aangesluit
en 'n professionele
ballerina geword.

of Ande -

Terselfdertyd het sy ook fisika
ondersoek aan die Harvard
Universiteit. Die een oomblik
sou sy in haar tutu en pointe
skoene wees, en die volgende
oomblik sou sy in 'n
laboratorium jas wees.



A woman with long brown hair, wearing a white lab coat over a reddish-brown dress, is captured in a dynamic, dance-like pose in a laboratory setting. She is barefoot and has one arm raised high. The background shows laboratory equipment, including a computer monitor and various glassware on a bench. The image has a soft, slightly blurred quality.

Dit was moeilik. "Soms het ek oorweldig gevoel," het sy gesê. "Ek sou twintig ure per dag in die laboratorium wees, selfs daar slaap. Maar ek het gewoet ek moet dans." Sy sou 'n blaaskans van die werk geneem, na 'n trap sluip en ballet daar oefen. Toe sy dit gedoen het, het sy gevind dat sy terug na die laboratorium gekom het met 'n vars perspektief.

“Ek dink dit is so belangrik vir wetenskaplikes om kuns te verken. Jy moet met verbeelding en kreatiwiteit oor konsepte dink.”



Die twee dele van haar lewe
het pragtig bymekaar gekom
in 'n dansstuk genaamd Nul
Punt, wat 'n ondersoek aan
konsep vorm van kwantum
fisika genaamd nul punt
energie.



Vandag, voltooi Merritt haar PhD aan die Universiteit van Oxford, en sy hou nog steeds aan om te dans.





Haar gunsteling aanhaling is van een van die grootste wetenskaplikes in die geskiedenis. Albert Einstein:

“Die lewe is soos om ‘n fiets te ry. Om jou balans te behou, moet jy aanhou beweeg.”

En dit is net wat Merritt van plan is om te doen!



Oprah Winfrey
TV Gasheer, Aktrise en
Sakevrou

***“Jy kry in die lewe,
waarvoor jy die moed
het om te vra.”***




Daar was eens 'n
dogtertjie wat met
kraaie onderhoude
gevoer het.



Sy het ook onderhoude
met haar mielie kop
poppe gevoer, en sy
was so goed om uit die
Bybel voor te lê dat
mense haar die bynaam
die Prediker gegee het.





Haar naam was
Oprah en sy
was mal
daaroor om te
praat, maar
haar familie
het nie
geluister nie.





Haar ma het
haar weg
gejaag en gesê:
“Bly stil! Ek het
nie tyd vir jou
nie.”



Haar ouma het
haar nooit
toegelaat om te
huil nie, selfs
wanneer sy die
meisie geslaan
het. "Mense sal
dink jy is swak,"
het sy gesê.

Maar om alles binne gebottel te hou, was ondraaglik. So, Oprah het aanhou soek na geleenthede om te kan praat. Sy het bly soek na mense wat sou luister na wat sy te sê het.






Eers, het sy op
hoërskool by die
redenaars span
aangesluit, toe het sy
werk by 'n plaaslike
radiostasie geneem, en
uiteindelik het sy by 'n
Baltimore TV-
nuusprogram
aangesluit as mede-
anker.



Haar familie en vriende was opgewonde. Maar diep binne in Oprah was sy nie seker of die beriggewing van die nuus iets was waarvan sy die meeste gehou het nie. Sy was afgedank van die program en hulle het vir haar 'n lae gegradeerde vroeg oggend geselsprogram gegee.



Oprah het gedink haar loopbaan is verby. In plaas daarvan, terwyl sy onderhoude voer met 'n roomys verkoper, het sy haar grootste talent ontdek. Mense het van die program begin hou omdat sy regtig na haar gaste geluister het.

As hulle gehuil het, het sy hul hartseer gevoel, as hulle kwaad was, het sy hul pyn verstaan. En as hulle gelukkig was, het sy saam met hulle gelag.



Oprah het die koningin van geselsprogramme geword. Sy het aanbeweeg na nasionale televisie, haar eie netwerk gestig en 'n multi-miljoenêr geword en een van die vrygewigste filantrope in die geskiedenis.

